**PERSOONLIKE NOTAS**

God designed your life with **intention** before you were born and equipped you with specific gifts to fulfill **His purpose.** Those gifts find their true meaning only when they are aligned with **His will.** Discovering and living within God's purpose is what turns ability into fulfillment and prevents gifts from being misused.

## Lesing 1: Die Mens is 'n Gees, het 'n Siel en woon in 'n Liggaam

*"Die gees van die mens is 'n lamp van die HERE, dit deursoek al die kamers van die binneste." Spr. 20:27*

### Die Onsigbare Samestelling van die Mens



**SIEL**

* Kontak die aardse, sienlike, die mens. Die mensbewuste deel kontak horisontaal en vertikaal. Ook 'n verlange na God.
* In die siel werk die vlees, eie-ek of ego. Dit word ook genoem die self, mens van sonde, eie-ek, ego of die natuurlike verstand.

**GEES**

* Kontakpunt tussen God en mens.
* Die Godbewuste deel kontak vertikaal.
* Die lamp van God.

**LIGGAAM**

* Kontak die fisiese.
* Neem sintuiglik waar.
* Reageer sintuiglik.
* Die instrument van óf geregtigheid óf die ongeregtigheid.

Die mens is nie bloot 'n fisiese wese nie. Hy is veel dieper, ryker en meer kompleks as wat die oog kan sien. Die Skrif leer ons dat die mens **'n gees is, 'n siel het,** en **in 'n liggaam woon.** Hierdie waarheid is fundamenteel vir enige begrip van geestelike groei en volwassenheid.

- Met my **gees** het ek vertikale kontak; ek kommunikeer met God.
- Met my **siel** het ek horisontale kontak; ek kontak die aardse en my medemens.

Hierdie onderskeid is nie bloot teoreties nie; dit bepaal hoe ons leef, reageer en wandel. Daarom roep die Skrif ons om nie net te lees nie, maar om te **verstaan deur openbaring**. Die Heilige Gees moet ons oë verlig sodat die Woord nie net inligting bly nie, maar transformasie word.

**Die Skeiding van Gees en Siel**

Hebreërs 4:12 gee vir ons 'n sleutelopenbaring:

*"Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van die* ***siel*** *en* ***gees*** *en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart."*

Verskeie Skrifgedeeltes bevestig hierdie waarheid:

- Job 12:10: God hou beide die **siel** en die **gees** van die mens in Sy hand.
- Jesaja 57:16: God onderskei tussen die **gees** wat Hy gee en die **siel** wat Hy geskep het.
- Sagaría 12:1: God formeer die **gees** van die mens binne-in hom.
- Prediker 12:7: Die **liggaam** keer terug na stof, maar die **gees** keer terug na God.
- 1 Thessalonicense 5:23 (tPt.): Die mens bestaan uit **gees, siel** en **liggaam.**

Die gevolgtrekking is duidelik: die mens is 'n **drieledige wese.**

**Die Asems van die Lewe**

In Génesis 1 en 2 ontvou God se Skeppingsverhaal. En soos enige Skepper, werk God met 'n doel. Niks word lukraak geskep nie. Elke produk het 'n spesifieke ontwerp, elke ontwerp 'n spesifieke doel.

Génesis 2:7: *"En die Here God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem****(s)*** *van die lewe geblaas…"*

Die Hebreeuse woord vir ASEM is **meervoudig:** ASEMS**.** Met groot sorg vorm God 'n liggaam uit stof, nie as die mens self nie, maar as 'n **houer.** Toe buig God Homself oor die liggaam en blaas Sy eie Gees daarin. Omdat God Gees is (Joh. 4:24), blaas Hy **Gees.**

In daardie oomblik ontvang die ware mens gestalte: 'n geeswese met die vermoë om met God te wandel, te kommunikeer en te groei tot die volle potensiaal wat God van die begin af beoog het (Gen. 1:28-28).

**Die Liggaam: 'n Dienskneg, Nie 'n Meester nie**

Die liggaam is nie die ware mens nie. Jou uiterlike is nie jou identiteit nie. Die liggaam is bloot 'n **instrument**, 'n dienskneg. Dit is nie die sondaar vóór weergeboorte nie, en ook nie die nuwe skepping ná weergeboorte nie (2 Kor. 5:17). Die liggaam is **neutraal.**

**PERSOONLIKE NOTAS**

Skeppers, uitvinders, produsente en vervaardigers het spesifieke skeppers-doelwitte met hulle produkte voor oë. Die persoon wat 'n tuinslang as produk skep, se doelwit is nie dat jy daarmee moet probeer vlieg nie! Jy kook nie in jou wasmasjien nie! Vir spesifieke produkte moet daar dus spesifieke grondstowwe wees. 'n Tuinslang word nie van diamante gemaak nie; jou trouring is nie van blare gemaak nie. Vanuit spesifieke stowwe of materiaal word spesifieke produkte geskep wat aan die produkdoelwitte en vereistes voldoen. God werk ook volgens hierdie beginsel!

## PERSOONLIKE NOTAS

Die skeiding van gees en siel is dus nie 'n leerstelling nie, maar 'n **praktiese sleutel** tot geestelike groei, selfondersoek en 'n lewe waarin Christus sigbaar in en deur mense word wat Hom bó die selflewe kies.

Dit voer slegs opdragte uit. Die vraag is: **wie regeer?**

Wie koning in jou hart is, bepaal die liggaam se optrede.

As die **siel** regeer, met sy emosies, begeertes en selflewe, sal dit deur die liggaam sigbaar word. As die **gees** regeer en Christus heers, sal geregtigheid deur die liggaam openbaar word.

**Dienskneg van Wie?**

Paulus skryf duidelik in Romeine 6 dat die liggaam 'n werktuig is, óf van geregtigheid óf van ongeregtigheid.

*"Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie. En moenie julle lede (die liggaam) stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede (die liggaam) as werktuie van geregtigheid in die diens van God. Want die sonde sal oor julle nie heers nie; want julle is nie onder die wet nie, maar onder die genade." Rom. 6:12-14*

Die heerskappy of regering in jou lewe bepaal in wie se diens jou liggaam staan. Dis mos net logies, as duisternis in jou siel heers, sal dit deur jou liggaam sigbaar word. As Jesus Christus in jou siel heers, sal Hý deur jou liggaam sigbaar word.

Hierdie waarheid bring ons by 'n eerlike selfondersoek: Wie regeer werklik in my binneste, **Christus óf die eie-ek, die selflewe?**

**Sigbare Heerskappy**

Wat in die onsigbare regeer, word altyd in die sigbare geopenbaar. Duisternis in die siel kan nie verborge bly nie, dit word deur die liggaam uitgestraal. Net so kan Christus wat in die siel regeer, nie verborge bly nie, Hy word sigbaar in woorde, dade en gesindheid. Die skeiding van gees en siel is dus nie bloot leerstellig nie; dit is prakties. Dit bepaal wie ons volg, hoe ons leef en watter lewe ons openbaar.

**Opsomming**

Die lesing openbaar dat die mens nie bloot 'n fisiese wese is nie, maar 'n drieledige skepping: 'n **gees,** 'n **siel** en 'n **liggaam.** Die gees is die deel van die mens wat in vertikale verhouding met God staan, terwyl die siel, bestaande uit denke, wil en emosies, in horisontale verhouding met die wêreld en ander mense funksioneer. Die liggaam is slegs 'n houer en dienskneg wat die heerskappy van geregtigheid of ongeregtigheid sigbaar maak. Skrifgedeeltes soos Hebreërs 4:12 toon duidelik dat gees en siel nie dieselfde is nie, aangesien die Woord van God alleen die vermoë het om hierdie twee van mekaar te onderskei en te ontbloot wie werklik in die hart regeer.

**Besprekingsvrae**

1. Wat beteken dit dat die mens 'n drieledige wese is?

2. Wat is die verskil tussen gees en siel?

3. Waarom is Hebreërs 4:12 so belangrik?

4. Wat beteken die *"asem**s**"* van die lewe in Génesis 2:7?

5. Is die liggaam die ware mens?

6. Is die liggaam sondig of heilig?

7. Wie bepaal hoe die liggaam optree?

8. Wat beteken dit om jou liggaam as werktuig van geregtigheid te stel?

9. Kan innerlike heerskappy onsigbaar bly?

10. Waarom is die skeiding van gees en siel belangrik?

**Besprekings Antwoorde**

1. Hy is ‘n gees, het ‘n siel en woon in ‘n liggaam.

2. Die gees het kontak met God; die siel met die aardse wêreld en mense.

3. Dit wys dat die Woord gees en siel kan onderskei.

4. God het Sy eie Gees in die mens geïmparteer.

5. Nee, die liggaam is slegs ‘n houer en dienskneg.

6. Nee, dit is neutraal en voer opdragte uit.

7. Die een wat regeer, óf die siel óf die gees.

8. Om dit onder Christus se heerskappy te plaas.

9. Nee, dit word altyd sigbaar deur gedrag.

10. Dit help ons verstaan wie regeer en hoe ware geestelike groei plaasvind.